

7 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 6:1-18

Fokusgedeelte: Matteus 6:1

God gedien of deur mense gesien?

Ons wil tog so graag hê dat ander mense moet dink ons is goeie mense! Daarom is die versoeking groot om ons godsdien só te beoefen dat ander mense dit moet raaksien. Maar ons Skrifgedeelte leer dat iemand wat die Here dien met die doel dat ander mense dit moet raaksien, beoefen nie ware godsdien nie. Hulle dien nie die Here nie, maar hulleself. Hulle beoefen hulle godsdien nie om die Here te verheerlik nie, maar om self daardeur verheerlik te word.

Daarom sê Jesus dat godsdien in die eerste plek 'n saak tussen jou en God is: "Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen beloning van julle Vader wat in die hemel is nie.

"As jy die Here dien, hetsy deur armes te help, of te bid, of te vas, moet die Here daarvan weet en nie noodwendig ander mense nie.

Op watter manier dien jy die Here? Is dit met groot vertoon met die een oog op mense om te sien of hulle jou raaksien? Of dien jy die Here in nederigheid en dankbaarheid in die stilligheid? Hoekom behoort jy aan 'n kerk? Is dit om gedien te word of om te bedien? Voel jy afgehaal as niemand jou vir jou dienswerk in die gemeente bedank nie? Of pla dit jou nie, solank God net die eer ontvang? Onthou: Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon!

Sing: Psalm 139:1,12

Ds HPM van Rhyn (Wilropark)